

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
 (KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

5 SAAKNUMMER: A376/2008
DATUM: 7 NOVEMBER 2008

In die saak tussen:

10 MORNE WITBOOI Appellant
 en

DIE STAAT Respondent

UITSpraak

15

FOURIE, R.:

Die appellant het in die streekhof te Mitchell's Plain op 'n
 aanklag van onsedelike aanranding verskyn. Hy het onskuldig
 20 gepleit maar na die aanhoor van getuienis, is hy skuldig bevind
 aan die oortreding van artikel 14 van Wet 23 van 1957, en
 gevonnissen tot ses jaar gevangenisstraf waarvan twee jaar
 voorwaardelik opgeskort is. Hy het daarna 'n aansoek
 gebring vir verlof om te appelleer en dit is deur die
 25 Streeklanddros toegestaan.

5 Hoewel die Streeklanddros nie spesifiek vermeld het of verlof
verleen word teen beide skuldigbevinding en vonnis nie,
aanvaar ek dat dit wel die geval is, aangesien die trant van die
aansoek gemik was teen beide skuldigbevinding en vonnis.

10 Ten aanvang is dit egter nodig om aandag te skenk aan die
vraag of appellant 'n billike verhoor gehad het. Hierdie aspek
is ten regte en op 'n billike wyse deur mnr Iheron, namens die
Staat, in sy betoogshoofde en weer vandag voor ons geopper.
Dit is nodig om kortliks te verwys na die verloop van die
gebeure wat aanleiding gegee het tot die vraag of appellant 'n
billike verhoor gehad het.

15

Appellant het met sy verskyning in die streekhof op 4
Desember 2007, aangedui dat hy nie regsverteenvoording
benodig nie en self sy verdediging sou behartig. Na verdere
uitstelde is die saak op 26 Februarie 2008 ter rolle geplaas vir
20 verhoor. By hierdie geleentheid het appellant in persoon
verskyn en aanvanklik weer bevestig dat hy nie
regsverteenvoording benodig nie.

25 Alvorens hy egter op die aanklag teen hom gepleit het, het hy
die streeklanddros daarop attent gemaak dat die Staat nog nie

sekere dokumentasie aan hom verskaf het nie. Tydens die debat wat toe plaasgevind het, het appellant aangedui dat hy by herooring besluit het dat hy wel die dienste van 'n regsverteenvoorder benodig. Die relevante deel van die notule van die verrigtinge in die Hof a quo lees as volg:

“Appellant: So in die geval, ek dink ek gaan maar hieraan aansoek doen vir 'n staatsadvokaat om myself te beskerm.

10 Landdroos: Okay, I must look at the record because if you were informed of your rights properly, I think I am going to refuse that application, you are wasting now, you are delaying the trial.

Appellant: Soos ek gesê het, ek wil nie die Hof se 15 tyd mors nie, maar ek voel net nou dat – want ek het gedag ek is geregtig op alle dokumentasie.

Landdroos: Do you want the prosecutor to put the charge or what?

Appellant: Ja, ek weet ek het vir die Hof gesê ek 20 gaan my eie verdediging doen en dit is nie om die Hof se tyd te mors nie, maar ek voel in hierdie opsie gaan ek maar liever van regsadvokaat gebruik maak, nie dat ek nie die magistraat vertrou of enigeen nie, maar ek voel ek wil maar liever ...”

Die streeklanddros verwys in haar uitspraak ook na hierdie voorval en beskryf dit as volg:

5 "In explaining to the accused that the Court was not for the State, it was for the interest of justice and therefore it will help the accused, he refused to plead and going on and on and on about his rights including his right to legal representation. He insisted that he wanted to apply for legal aid."

10

Die streeklanddros het toe wel vir appellant die geleentheid gebied om 'n regsverteenvoordiger te bekom. Ene advokaat Kahn het op dieselfde dag namens appellant verskyn en 'n nuwe verhoordatum, naamlik Vrydag 7 Maart 2008, is met hom 15 gereël.

Op 7 Maart 2008 deel appellant egter die Hof mee dat hy advokaat Kahn se mandaat beëindig het. Hy het toe blykbaar reeds 'n ander prokureur, ene mnr Van der Merwe, se dienste 20 bekom. Die streeklanddros het toe vir appellant gelas om 10:00 voormiddag dieselfde dag weer in die hof te verskyn met sy prokureur. Tydens die latere verskyning op 7 Maart 2008 het appellant die streeklanddros meegedeel dat sy prokureur blykbaar uitstedig te George was. Die streeklanddros het 25 egter vir appellant gelas om sonder regsverteenvoordiging met

die verhoor voort te gaan. In haar uitspraak motiveer die landdros hierdie besluit, onder andere, as volg:

5 "The Court was satisfied beyond any doubt that the accused was using legal representation to delay the proceedings, something that has been confirmed through the trial because at every opportunity he was given, the accused was going on and on about his rights. So, the Court suspects that he planned 10 the whole thing so that the Court will proceed without an attorney and that he will go on another (indistinct). In fact, it has already been said but the Court would like to say this again, that from the very word go, the accused represented himself as 15 somebody who knows the law and who wanted to manipulate the law."

Na die aanhoor van die staatsaak, is die verrigtinge toe verdaag tot Maandag, 10 Maart 2008. Op dié datum het 20 appellant toe getuienis afgelê, maar alvorens hy met die meriete van sy saak gehandel het, het die volgende bespreking tussen hom en die streeklanddros plaasgevind:

25 "Landdros: Yes Mr Witbooi, what do you want to tell us?

Appellant: Net voor ek gaan begin praat oor die saak, wil ek dit duidelik aan die Hof stel ... (tussenbeide)

5 Landros: Mr Witbooi, please let's -- you have being doing this since day one not speaking to what you want to, let's just stick to the case. I do not want your addresses.

10 Appellant: Wat ek wil sê is maar deel van my regte, ek wou nooit die saak sonder 'n prokureur gedoen het nie.

Landros: We will pass that, that is on record, so proceed. If you still say you want an attorney, you were supposed to bring an attorney today. You still do not have an attorney and you say you did not want to proceed with an attorney.

15 Appellant: Vrydag toe wil hulle my nie 'n geleentheid gee hoekom die prokureur nie hier is nie.

20 Landros: I did explain, you said he was in George, let's get on with the case, Mr Witbooi, please. You did explain, I do not know what."

Na skuldigbevinding en vonnis het appellant, bygestaan deur 'n regsverteenvoerder, op 12 Junie 2008 aansoek gedoen vir 25 borg hangende appêl. Appellant het tydens die borgverrigtinge

weer die kwessie van sy regsverteenvoording tydens die verhoor, in die volgende woorde geopper:

5 "I was not been treated fairly in court especially
and the fact that I did not want to conduct my own
defence."

Die reg van 'n beskuldigde in 'n kriminele saak op
verteenvoording deur 'n regspraktisyn van sy keuse, word
10 verskans in artikel 35(3)(f) van ons Grondwet. Die reg word
ook bevestig in artikel 73(2) van die Strafproseswet, nr. 51 van
1977. Indien 'n beskuldigde hierdie reg ontnem sou word,
sal dit feitlik sonder uitsondering 'n skending van die
beskuldigde se reg op 'n billike verhoor tot gevolg hê. In

15 HIEMSTRA, CRIMINAL PROCEDURE, word dit as volg gestel
te 11-4:

20 "The accused's right to legal representation is of
course worthless if he or she is not given a
reasonable opportunity to use it. When a
reasonable request for time to obtain legal advice is
refused, any conviction which follows will almost
invariably be set aside on appeal or review. After
all, it is virtually impossible to determine afterwards

how the trial would have proceeded had legal representation not been irregularly refused.”

Hierdie beginsel is reeds voor die inwerktreding van ons
5 huidige grondwetlike bestel deur die destydse Appèlhof
bevestig in S v SHABANGU 1976(3) SA 555. Sien verder ook
die onlangse beslissing van S v LUSU 2005(2) SASV 538 (OK),
waar beslis is dat die weerhouding van die reg op
regsverteenvoordinging en die gevolglike skending van die
10 grondwetlike reg van die beskuldigde op 'n billike verhoor, tot
gevolg het dat die skuldigbevinding en vonnis wat daarop
gevolg het, tersyde gestel behoort te word.

In die onderhawige geval het die streeklanddros, na my
15 mening, fouteer deur nie, toe sy meegedeel is dat appellat
prokureur Van der Merwe se dienste bekom het, maar dat hy
blykbaar in George was, die geleentheid aan appellat te bied
om hierdie prokureur se bystand te verkry, desnoods by wyse
van 'n uitstel van die saak.

20

Ek aanvaar dat appellat se optrede in die hof die
streeklanddros se geduld op die proef gestel het, maar het dit
na my mening steeds nie as regverdiging gedien vir die
ontneming van appellat se grondwetlike reg op
25 regsverteenvoordinging nie. Soos gemeld in S v SHABANGU

/...

(supra), behoort die voorsittende beampte in 'n geval soos hierdie minstens ondersoek in te stel ten einde te bepaal waarom die prokureur nie in die hof teenwoordig is nie. Dit mag selfs geblyk het dat sy afwesigheid nie aan enige versuim van appellant toegeskryf kon word nie.

Ek is verder ook van mening dat die streeklanddros nie, op die feite voor haar, kon bevind, soos sy wel gedoen het, dat dit doelbewuste optrede van die appellant was om die verrigtinge te vertraag met die oog daarop om die gevolge van die daad wat hy na bewering gepleeg het, te vermy nie.

Dit is ook in hierdie geval onmoontlik om te bespiegel oor watter invloed regsverteenvoordiging op die uitslag van die saak kon gehad het. Die feit van die saak is egter dat appellante se grondwetlike reg op regsverteenvoordiging in die omstandighede geskend is en dat die gevolgtrekking noodwendig moet wees dat dit 'n nadelige invloed op sy reg op 'n billike verhoor gehad het.

20

Ek is van oordeel dat in die onderhawige omstandighede appellante se reg op 'n billike verhoor voorrang moes geniet het bo die ongerief wat moontlik sou gevolg het indien daar 'n verdere vertraging in die afhandeling van die verhoor was. Ek is gevolglik van mening dat die verrigtinge in die streekhof wat

tot die skuldigbevinding en vonnis van appellatant aanleiding
gegee het, onreëlmatig was en tersyde gestel behoort te word.

Aangesien dit nie 'n uitspraak op die meriete tot gevolg sal hê
5 nie, is die Staat geregtig om uit hoofde van artikel 324(c) van
die Strafproseswet weereens geregtelike stappe teen die
appellatant in te stel. Sien in hierdie verband ook S v
MAKHANDELA 2007(2) SASV 620 (W).

10 Bygevolg sou ek gelas dat appellatant se skuldigbevinding aan
die oortreding van artikel 14 van Wet 23 van 1957, asook die
vonnis wat hom opgelê is, tersyde gestel word.


15 ROUX, WnR: Ek stem saam.

.....

ROUX, WnR

20 FOURIE, R: Dit word so gelas.

.....


FOURIE, R